Verwysing: 20210406– 2058
Lêerno.: 4/2/P
Navrae: Z. Mpisi

Finansiëlerekeningkundeminuut: 0004/2021

Aan: Superintendent-generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore) Hoofde van alle subdirektorate en afdelings, en Finansiespersoneel

Onderwerp: Oordrag van bevoegdhede ingevolge artikel 44 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)

1. Hierdie minuut dien as 'n bywerking van Finansiëlerekeningkundeminuut 0005/2016 van 16 September 2016.

2. Ingevolge artikel 44(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA), 1999 (Wet 1 van 1999), mag die rekenpligtige beampte van 'n departement skriftelik enige van die magte wat, ingevolge die PFMA (ingeslote die Nasionale Tesourieregulasies en die Provinsiale Tesourieregulasies), aan die rekenpligtige beampte toevertrou of gedelegeer is aan 'n amptenaar in daardie departement delegeer of enige amptenaar in daardie departement opdrag gee om enige van die pligte wat aan die rekenpligtige beampte ingevolge die PFMA (ingeslote die Nasionale Tesourieregulasies en die Provinsiale Tesourieregulasies) toegeken is, uit te voer.

3. Gelet op die bogenoemde, is die volgende dokumente wat aangeheg is, dadelik van krag: *Oordrag van Bevoegdhede, 2021* en *Toewysing van Verantwoordelikhede, 2021*.

4. Die oordrag van bevoegdhede wat saam met Finansiëlerekeningkundeminuut 0005/2016 uitgereik is, word dus herroep.

5. Alle amptenare word versoek om aan hierdie minuut en die toepassing van die oordrag van bevoegdhede te voldoen. Enige nienakoming of oortreding van enige wesentlike aspek van hierdie oordrag van bevoegdhede sal ooreenkomstig die dissiplinêre beleid en prosedure hanteer word.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2021-04-29